



KLK Landbou Beperk
Reg.nr. 1997/015589/06

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die Maatskappywet, 71 van 2008, die historiese kostegronslag en op die grondslag van 'n lopende onderneming opgestel. Daar was geen verandering in beleid of interpretasie toegepas deur die Groep, sedert die vorige tydperk, wat 'n wesentlike impak op die Groep se resultate of finansiële posisie het nie.

Winsaankondiging van die Groep vir die Jaar geëindig 28 Februarie 2022

Die **verdienste** van R75.5 miljoen verteenwoordig 'n 6.9%-daling vergeleke met die vorige jaar. Die wesensverdienste per aandeel het vanaf 472 sent per aandeel tot 441 sent per aandeel verminder.

Die bevredigende resultate word hoofsaaklik toegeskryf aan die styging in Winsbydraes van die Handels- en Brandstofafdeling asook ietwat beter resultate van die Motor-en-Vleisafdeling. SA Dorper en Carpe Diem Raisins het wesentlik swakker presteer as die vorige jaar as gevolg van onderskeidelik minder dorpervelle verkoop, alhoewel teen 'n hoër gemiddelde verkoopprijs en marge per vel, terwyl Carpe Diem Raisins 12.8% versterking van die R/\$ wisselkoers, 'n hoër gemiddelde aankooprijs en laer gemiddelde verkoopprijs per ton gerealiseer het, wat die marge en winsbydrae negatief geraak het.

Verder is daar voorsiening gemaak vir 'n waardedaling van die Ramskop Abattoir bates asook skeidingspakkette met die beplande staking van bedrywighede by Ramskop Abattoir en die Lewendehawe-veiligings besigheid.

<u>Finansiële Hoof trekke</u>		<u>2022</u>	<u>2021</u>	<u>%</u>	
Inkomste	(R'm)	2 541.9	2 226.9	14.1	↑
Wins voor belasting	(R'm)	126.8	155.3	18.4	↓
Bedryfswinsmarge	(%)	5.0	7.1	29.6	↓
Verdienste	(R'm)	75.5	81.1	6.9	↓
Basiese verdienste per aandeel	(sente)	440.8	472.3	6.7	↓
Wesensverdienste per aandeel	(sente)	463.7	471.6	1.7	↓
Netto toename/(afname) in bank en kontant	(R'm)	4.3	23.4	81.6	↓
Netto batewaarde per aandeel	(sente)	3 266.7	2 823.0	15.7	↑

Die **Groepsinkomste** het met 14.1% toegeneem tot R2 541.9 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van die hoër brandstofvolumes en -pryse by die Brandstofafdeling, Handelstakbrandstof asook Build it en Motorafdeling, waar bedryfsaktiwiteite weer na soortgelyke vlakke as voor die COVID -19 periode normaliseer het. Die verbeterde slaggetalle en styging in vleispryse het aanleiding gegee tot beter slagkapasiteitsbenutting by Upington- en Carnarvon Abattoirs en dus die hoër inkomste.

Daarteenoor het Carpe Diem Raisins se inkomste met 10% gedaal as gevolg van die versterking van die R/\$ wisselkoers en gevolglik laer verkoopprijs per ton gerealiseer. SA Dorper het ook ietwat laer inkomste getoon as gevolg van die laer volume velle, bemark.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite was positief met R68.5 miljoen nadat netto bedryfskapitaal met R53.6 miljoen toegeneem het en belasting van R31.1 miljoen betaal is.

Aanleg en toerusting van R46.3 miljoen is aangekoop en SA Dorper het dividende van R4.0 miljoen betaal. Die verkryging van die oorblywende nie-beherende belang (4.1%) in Carnarvon Abattoir en die vestiging van KLK Makelaars, is gedurende die jaar afgehandel.

Die netto resultaat van bogenoemde was dat die positiewe kontantposisie van die Groep met R4.3 miljoen verbeter het vanaf R81.1 miljoen tot R85.4 miljoen.

Die Direksie gaan voort om die COVID-19-pandemie en die moontlike impak van die oorlog in Oekraïne te monitor maar verwag minimale besigheids- en bedryfsonderbrekings. Nieteenstaande die uitdagende landbou- en handelstoestande in die Noord-Kaap asook ekonomiese druk as gevolg van hoër brandstofpryse word verwag dat die resultate gedurende die komende jaar beter kan wees as gevolg van verbeterde slaggetalle, meer dorpervelle asook die beter internasionale rosyne pryse en verbeterde marges.

Die Direksie het weer besluit om geen dividend aan te beveel nie omrede kontantreservering noodsaaklik bly vir moontlike geleenthede in die landbou en om KLK se groei- en uitbreidingsstrategie te ondersteun.

'n Opsomming van die geouditeerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022 is hierby aangeheg en op KLK se webtuiste onder "Finansiële resultate" beskikbaar.

Die finansiële jaarstate sal gedurende die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers, wat gehou sal word by KLK se Hoofkantoor op Maandag 18 Julie 2022, vir goedkeuring voorgelê word.

DIREKTEURE: JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-voorsitter), VJ Klein, AR Kotzé, CF Kruger, JDM Minnaar, GC Olivier, F Strydom, SD van Huyssteen (Besturende Direkteur).

Maatskappysekretaris: G Marquard

GEREGISTREERDE KANTOOR:
Karakoelstraat 14, Upington 8801
Posadres: Posbus 86, Upington 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

Datum: 31 Mei 2022

Staat van Finansiële Posisie

	2022 R'm	2021 R'm
Bates		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	325,8	306,0
Reg op gebruik van bates	11,3	15,4
Beleggingseiendom	1,1	1,1
Klandisiewaarde	32,0	32,0
Uitgestelde belasting	11,2	12,6
	381,4	367,1
Bedryfsbates		
Voorraad	259,0	277,1
Handels- en ander debiteure	188,8	143,4
Kontant en kontantekwivalente	85,4	95,6
	533,2	516,1
Totale bates	914,6	883,2
Ekwiteit en aanspreeklikhede		
Ekwiteit		
Aandelekapitaal	16,1	17,0
Verdeelbare reserwes	543,4	467,9
	559,5	484,9
Buiteaandeelhouersbelang	98,6	90,0
	658,1	574,9
Nie-bedryfslaste		
Uitgestelde belasting	38,7	32,0
Langtermynlenings	4,8	11,6
Huurverpligting: Reg op gebruik van bates	11,3	14,5
Uitgestelde staatsubsidie	10,0	12,0
	64,8	70,1
Bedryfslaste		
Bankoortrekkings	-	14,5
Korttermyngeedeelte van langtermynlenings	3,2	6,2
Korttermyngeedeelte van Huurverpligting: reg op gebruik van bates	3,4	3,8
Korttermyngeedeelte van uitgestelde staatsubsidie	1,9	3,3
Handels- en ander krediteure	183,2	210,4
	191,7	238,2
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	914,6	883,2

KLK Landbou Beperk
 (Registrasienommer 1997/015589/06)
 Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022

Staat van Omvattende Inkomste

	2022	2021
	R'm	R'm
Verkope	2 541,9	2 226,9
Koste van verkope	(2 038,8)	(1 725,6)
Bruto wins	503,1	501,3
Ander inkomste	22,4	23,2
Uitgawes	(398,4)	(366,4)
Bedryfswins	127,1	158,1
Beleggingsinkomste	4,7	5,1
Finansieringskoste	(5,0)	(7,9)
Wins voor belasting	126,8	155,3
Inkomstebelasting	(38,2)	(46,8)
Wins na belasting	88,6	108,5
Ander omvattende inkomste	-	-
Totale omvattende inkomste	88,6	108,5
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Eienaars van die houermaatskappy	75,5	81,1
Buiteaandeelhouersbelang	13,1	27,4
	88,6	108,5

KLK Landbou Beperk
(Registrasienuommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022

Staat van verandering in Ekwiteit

	Verandering in eienaarskap R'm	Aandele- kapitaal R'm	Reserwes R'm	Totaal R'm	Buite aandeel- houersbelang	Totale Ekwiteit R'm
Saldo op 1 Maart 2020	(0,3)	17,1	399,0	415,8	139,9	555,7
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	81,1	81,1	27,4	108,5
Dividende	-	-	-	-	(6,0)	(6,0)
Verandering in belang van filiale	(12,0)	-	-	(12,0)	(71,3)	(83,3)
Saldo op 1 Maart 2021	(12,3)	17,1	480,1	484,9	90,0	574,9
Aandele teruggekoop	-	(1,0)	-	(1,0)	-	(1,0)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	75,5	75,5	13,1	88,6
Dividende	-	-	-	-	(4,0)	(4,0)
Verandering in belang van filiale	0,1	-	-	0,1	(0,5)	(0,4)
Saldo op 28 Februarie 2022	(12,2)	16,1	555,6	559,5	98,6	658,1

Staat van Kontantvloei

	2022 R'm	2021 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer deur bedrywighede	99,9	209,6
Beleggingsinkomste	4,7	5,1
Finansieringskoste	(5,0)	(7,9)
Belasting betaal	(31,1)	(38,3)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	68,5	168,5
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(46,3)	(50,8)
Verkryging en verhoging van belang in filiale	(0,4)	(83,3)
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	1,0	0,5
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	(45,7)	(133,6)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Aandele teruggekoop	(1,0)	-
Staatsubsidie ontvang	-	6,6
Verkryging (terugbetaling) van langtermynlenings	(9,7)	(5,7)
Betaling van huurverpligting	(3,8)	(6,4)
Dividende betaal	(4,0)	(6,0)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	(18,5)	(11,5)
Totale toename (afname) in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	4,3	23,4
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die begin van jaar	81,1	57,7
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die einde van jaar	85,4	81,1

KLK Landbou Beperk

(Registrasienuommer 1997/015589/06)

Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022

Wesensverdienste

	2022 R'm	2021 R'm
Toeskryfbare wins	75,5	81,1
(Wins)/Verlies met verkoop van bates	0,1	-
Skeidingspakkette	0,9	-
Billikewaarde aanpassings bates/waardedaling	3,0	-
Wesensverdienste vir die tydperk	79,5	81,1

Finansiële Hoogtepunte en Statistiek

		2022	2021
Aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 128	17 175
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 153	17 175
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	440,8	472,3
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	463,7	471,6
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	3 266,7	2 823,0